Johannespassie Maart 2016

1. Agtergrond

Na die vele konsertprojekte in Vroeë Musiek wat deur die Koepel Kunstesnetrum sedert 2008 aangebied is, is daar ‘n duidelike toename in belangstelling en aktiwiteit op hierdie gebied orals in die land, maar spesifiek ook in die Johannesburg/Pretoria-gebied speurbaar. Ongelukkig is die doel om ‘n permanente strykensemble te vestig, nog nie bereik nie. Een rede is dat professionele musici wat in beginsel belangstel, geen finansiële insentief het om hulle in historiese uitvoeringspraktyk te bekwaam nie, aangesien daar baie min betalende werksgeleenthede is. Dit is dus baie belangrik om toenemend sulke geleenthede te skep. Aangesien die kursusse en projekte van die Koepel Kunstesentrum as leergeleenthede aangebied word, en die inkomste uit die kursusse betaling nie toelaat nie, beantwoord hierdie kursusse nie in die vraag nie.

Om hierdie situasie aan te spreek, het ek met die bestuur van die Pretoria Bachkoor asook met Ben Oosthuizen, hoof van die departement Musiek by St. John’s College in Johannesburg, onderhandel om gesamentlike projekte aan te bied. Aangesien beide instansies jaarlikse begrotings het om betaalde uitvoerings vir orkes en koor te bekostig, en albei instansies ook ‘n sterk belangstelling in Vroeë Musiek het, is ‘n samewerking moontlik wat vir alle partye voordelig is: Die kundigheid en kontakte van die Kunstesentrum word gebruik om die plaaslike musici, wat op historiese instrumente speel, te identifiseer, en die deskundiges uit die buiteland te voorsien. Die sterk finansiële basis van die twee instansies maak betaalde uitvoerings met hulle eie kore moontlik. Buiten die uitvoerings, is dit ook moontlik om die oorsese besoekers by meestersklasse en solo-uitvoerings te betrek en so hulle impak te vergroot. Bykomstige uitvoerings met dieselfde orkes, maar met sangers wat in die vorige projekte van die Kunstesentrum meegewerk het en dus reeds kundigheid in historiese uitvoeringspraktyk verwerf het, verbeter die koste-effektiwiteit van die projek verder.

As eerste projek is in Maart 2016 die Johannespassie van Johann Sebastian Bach by St. John’s College uitgevoer, onder leiding van Ben Oosthuizen. Weens probleme met die skedules van die oorsese besoekers en die Pretoria Bachkoor, kon die samewerking nie na hierdie instansie uitgebrei word nie, en kon ongelukkig ook geen uitvoering van die passie met ‘n kleiner kamerkoor georganiseer word nie. Antoinette Lohmann, Uwe Grosser, Charlotte Berger en Bridget Salonen het egter meestersklasse vir die deelnemende musici asook vir die skoliere aangebied, en dit was duidelik dat die impak van die projek op die musiekdepartement van die skool baie groot en positief is. Verskeie professionele musici uit die groter omgewing het met groot geesdrif aan die projek deelgeneem. Weens die spesifieke orkesbesetting van die werk, was slegs drie musici uit die buiteland nodig – Antoinette Lohmann as konsertmeester, Armin Köbler, wat barokhobo gespeel het, en die Suid-Afrikaanse traversospeler Merryl Monard, wat tans in Amerika studeer. Dit dui op die goeie vordering met die vestiging van Vroeë Musiek in die land.

2. Afloop van die projek

Op Sondagmiddag 13 Maart het die strykers van die ensemble meestersklasse in historiese uitvoeringspraktyk deur Antoinette Lohmann ontvang. Die gasmusici – Armin Köbler (hobo), Charlotte Berger (hobo), Bridget Salonen (traverso), Merryl Monard (traverso) en Uwe Grosser (luit) – het op Maandag uit die buiteland en Kaapstad aangekom, betyds vir die eerste oefening op Maandagaand. Hulle het gedurende die week skoliere en belangstellendes uit die publiek onderrig. Na ‘n verdere tutti-oefening op Dinsdagaand, is die Johannespassie op Donderdagaand 17 Maart in die kapel van die college uitgevoer. Na afloop van die projek het Antoinette Lohmann saam met John Reid Coulter, plaaslike deskundige vir historiese uitvoeringspraktyk op klawerbordinstrumente, ‘n solo-uitvoering gegee.

3. Die Musikale Direksie

Antoinette Lohmann

is pas as hoof van die afdeling vir vroeë musiek aan die Konservatorium van Amsterdam aangestel, en lei steeds ook die vroeë musiek-afdeling aan die Utrechtse Konservatorium. Sy onderrig barokviool en altviool asook die dokumentasie van historiese uitvoeringspraktyk. Sy was voorheen in uiteenlopende musiekterreine aktief, maar konsentreer huidiglik op die historiese instrumente viool, altviool, viola d’amore, tenoorviool en viola pomposa. Haar voorliefde vir die uitsnuffel van onbekende repertoire het gelei tot verskeie opnames, soos onder andere die sonates vir klavier en viool van Joseph Martin Kraus en Margarethe Danzi. As uitvoerende musikus speel Antoinette Lohmann in ensembles soos Ensemble Schönbrunn, Camerata Trajectina, die Nederlandse Bachvereniging, Musica Temprana, die Kölner Akademie, la Sfera Harmoniosa en in die Utrechtse Barok-Consort. Antoinette Lohmann het sedert 2008, toe sy die eerste maal ‘n projek op uitnodiging van die Koepel Kunstesentrum gelei het, die land herhaaldelik besoek en gee gereeld konserte en meestersklasse. Onder andere is sy reeds drie jaar by die winterskool in vroeë musiek, aangebied deur die Universiteit van Kaapstad, betrokke.

Ben Oosthuizen

het in 1984 en 1985 die Drakensbergse Seunskoor gelei. Daarna word hy as Musiekdirekteur van St. John's College, 'n Anglikaanse privaatskool in Johannesburg, aangestel. Musiek word in hierdie skool baie belangrik geag, en die skoliere woon tweemaal weekliks 'n volle gesonge mis by. Oosthuizen het 'n instrumentele onderrigprogram op die been gebring wat alle ouderdomsklasse omvat. Meer as 550 seuns neem intrumentele musieklesse en vele van hulle speel ook in die verskillende ensembles (jazz, big band, blaasensemble en simfonieorkes). Onder sy leiding is ook 'n koorsangprogram ontwikkel, en die gesamentlike kore van die laer- en hoërskoolklasse sing by die weeklikse misvierings sowel as in een groot kooruitvoering per jaar.

4. Deelnemers

Sopraansolis:	Talita Laubscher
Altsolis:	Tina Tshupane
Evangelis:	Nicholas Nicolaidis
Tenoorsolis:	Hermann Pretorius
Bassolis (Jesus):	Aubrey Lodewyk
Bassolis:	Hendré van Zyl

Koor van St. John's College

Viool 1:	Antoinette Lohmann, Evert van Niekerk, Jacques Fourie, Andrew Gilbert
Viool 2:	Olga Maraba, Shane Lynn, Tanya Spiller, Kaleem Ahmid
Altviool:	Elmarie van der Vyver, Isabella Bonnet
Cello:	Carel Henn
Kontrabas:	Nico Kruger

Hobos:	Charlotte Berger, Martin Köbler
Fluite:	Merryl Monard, Bridget Salonen
Fagot:	Gerhard Benade
Luit en teorbo:	Uwe Grosser
Orrel:	Cameron Upchurch

5. Die Musiek

Die Johannespassie van Johann Sebastian Bach is 'n baie gewilde werk wat dikwels in die Paastyd uitgevoer word. Dit stel hoë eise aan die tegniese vaardighede van die koor en dit is merkwaardig dat hierdie werk suksesvol deur 'n skoolkoor – bestaande uitsluitlik uit seuns – aangepak kan word. Die besetting sonder koperblasers maak dit moontlik om die Johannespassie met 'n relatief klein orkes uit te voer, wat dit vir die beskeie moontlikhede van Vroeë Musiek in Suid-Afrika ideaal maak. (Intussen het die situasie onder die koperblasers hier in die noorde egter baie positief ontwikkel, deurdat spelers vir baroktrompet en baroktromboon beskikbaar is.)

Intussen word dit algemeen onder deskundiges vir historiese uitvoeringspraktyk aanvaar dat die kantates van Bach met baie klein besettings – enkelstrykers en hoogstens drie sangers per part – uitgevoer is. Waarskynlik is dieselfde op die Johannespassie van toepassing, sodat hoogstens die orkes, maar beslis nie die seunskoor met ongeveer 100 stemme van ons uitvoering, styleg is. Ten spyte hiervan was die uitvoering baie suksesvol en is dit geesdriftig deur die publiek ontvang, en, meer belangrik, het dit 'n geweldige impak op die skoliere gehad.

6. Reaksie van Deelnemers

Antoinette Lohmann Dit was baie spesiaal om met die St.John's College die Johannes Passion te speel en met die kinders en die dosente van die skool te werk. Ons het begin met 'n oorsigslesing vir die orkes, oor die essensie van die historiese uitvoeringspraktyk, waar iedereen ook dermsnare en barokstokke kon uitprobeer. Daar was ook baie kinders van die skool in die gehoor wat ek later in die koor teruggesien het en baie seuns uit die koor het ook deelgeneem aan die onderrig wat ek vir die skoolorkes gegee het. Dit was belangrik om die kinders verskillende kere en in verskillende situasies te ontmoet, omdat hulle hierdoor op verskillende maniere aan die historiese uitvoeringspraktyk blootgestel is: hulle het kennis gemaak met die belang van musiekwetenskappelike kennis, met die historiese instrumente en die verskille tusse die moderne en die historiese instrumente en met 'n andere manier om te sing (die teks is belangriker as die stem). Baie kinders het met baie vrage gekom en ook die dosente het besef dat die historiese uitvoeringspraktyk 'n andere wêreld is as wat hulle gewoond is. Sommige dosente stel nou belang om meer oor die uitvoeringspraktyk te leer. Die skool het dermsnare vir die skoolorkes gekoop en will graag barokstokke gaan kry. Die pa van een van die seuns van die skool het selfs aangebied 'n klawesimbel vir die skool te koop! Ek dink hierdie projek was vir die meer as 100 seuns van die skool in die koor en in die orkes, en selfs vir die dirigent en die dosente regtig 'n 'eye opening' ervaring!

7. Finansiële Verslag

Inkomste:	
Toekenning van die Rupert Musiekstigting	78 100
Bydrae uit begroting van St. John's College	6 600
Totaal	**84 700**
Uitgawes:	
Vlugte (Lohmann, Bergers, Köbler, Salonen, Monard, Grosser)	37 420
Dermsnare en strykstok	11 070
Honoraria	23 048
Verblyf	7 000
Vervoer	1 700
Diens van orrel	1 600
Administrasie en diverse uitgawes	2 900
Totaal	**84 738**

8. Impak en resultate van die projek

Hierdie uitvoering van die Johannespassie was 'n mylpaal in die vestiging van Vroeë Musiek in Suid-Afrika. Dit was die eerste uitvoering van hierdie werk op historiese instrumente in die musiekgeskiedenis van die land. Na die vele projekte in historiese uitvoeringspraktyk van die Koepel Kunstesentrum sedert 2008, waartydens groot vordering gemaak is, kon voor hierdie projek nog geen orkes van hierdie grootte saamgestel word nie. Die samewerkingskonsep tussen die Kunstesentrum en St. John's College het dus 'n groot versnelling van die ontwikkeling tot gevolg.

Selfs al was die grootte van die koor nie soos dit in die oorspronklike uitvoerings van die werk deur Bach sou wees nie, en die ensemble streng gesproke dus nie outentiek nie, is die uitvoering met groot geesdrif deur die publiek ontvang. Die eintlike waarde lê egter in die kontak wat al die medewerkers, veral die seuns in die koor, met historiese uitvoeringspraktyk en met die outentieke instrumente gehad het. Dit het 'n nuwe, onbekende wêreld vir al die betrokkenes oopgemaak. Al het verskeie professionele musici met groot geesdrif meegewerk, lê die eintlik belangrike impak van die projek by die invloed wat dit op die jongmense en toekomstige musici in die land het.